

Maandag 7 Augustus

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:18-20

Fokusgedeelte: Efesiërs 5:18 (AFR83/2020)

As Geesvervulde moet ek selfbeheersd wees in my drankgebruik

Paulus gaan in dié gedeelte voort om praktiese riglyne te gee aan die gelowiges in Efese oor hoe hulle moet lewe. Dit is heeltemal anders as hulle vroeëre lewe. Toe was hulle “die ene duisternis, maar nou in die Here is hulle lig” (5:8). Hulle moet nou “leef as mense van die lig” en nie “meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie” (5:11).

Hierdie vroeëre lewe wat “die ene duisternis” was en “die vrugtelose praktyke” was onder andere die bywoning van heidense feeste waar die feesgangers losbandig tekere gegaan het. Hulle het hulle in alle opsigte te buite gegaan, ook met drank wat vrylik gevloei het en hulle dronk gedrink. Dié dinge behoort egter nou tot die verlede, ook die misbruik van drank.

Ons kry hier nie ’n algehele verbod op drankgebruik nie, maar op drankmisbruik. Teenoor losbandigheid wat kenmerkend is van ’n ongelowige, moet daar by die gelowige selfbeheersing wees, ook wanneer hy drank gebruik. Selfbeheersing as vrug van die Gees (Gal. 5:23) is ’n eienskap van ’n gelowige en daarom word die gelowige dan ook opgeroep om vervul te word met die Gees.

Die teenstellende vergelyking tussen die te buite gaan aan drank teenoor die vervulling van die Gees is ietwat vreemd. Maar dit word duidelik wanneer ons besef dat die woord “vervul” ook kan beteken “om beheers te word”. ’n Mens wat onder die invloed van drank is, word daardeur beheers – dit wys duidelik in die persoon se woorde en optrede. Dit mag nie. Nee, ons moet geheel en al deur die Heilige Gees beheers word en onder sy invloed leef. En dan sal ons ook selfbeheersing toepas wanneer ons drank gebruik. So dank ons God die Vader ook met ons optrede vir die nuwe lewe wat ons in Christus het.

Sing: Psalm 104-2:7, 8

Ds. AL Pelser (Abri) (Bethlehem)